HOËRSKOOL PIONIER

FAMILIE NR.	TOELATINGSNR.

Privaatsak x 9413
VRYHEID 3100
Landdrosstraat 16

Tel: (034) 981 3152 / 3145
Faks: (034) 980 9677
Koshuis: (034) 9822 719

E-pos: admin@pionier.co.za
Webblad: www.pionier.co.za

AANSOEK OM TOELATING VIR DIE JAAR 2023
SKOOL & KOSHUIS

GRAAD _____

Hierdie vorm moet deur ouers self voltooi word en nie deur die betrokke leerder nie. Gebruik asseblief **drukskrif** en voltooi die aansoek met **ink.** Omkring waar nodig en skrap die dele wat nie van toepassing is nie.

Ek onderneem om die volgende dokumente saam met die aansoek in te handig en verstaan dat geen aansoek aanvaar sal word sonder die ondergenoemde dokumente nie. Uitstaande dokumente of enige dokumente waar die inligting gedurende die vorige jaar verander het, moet die vorm vergesel. Indien die ouers se vanne verskil in die ID- dokumente moet 'n huweliksertifikaat aangeheg word.

	Reeds op rekord	Uitstaande
▪ Leerder se geboortesertifikaat	☐	☐
▪ I.D. - dokumente van BEIDE OUERS	☐	☐
▪ Nuutste Water- en Ligterekening	☐	☐
▪ Afskrif van mediesefondskaart	☐	☐
▪ Indien nuwe aansoek tot Pionier - nuutste rapport van vorige skool	☐	☐
▪ Oorplasingskaart	☐	☐
▪ Prestasiebewyse (indien van toepassing)	☐	☐

Hiermee doen ek (mnr/mev) _____die vader / moeder / wettige voog aansoek om toelating tot:

- Hoërskool Pionier ☐
- Hoërskool Pionier Koshuis ☐
- Indien wettige voog, moet dokumente ter stawing van voogdyskap aangeheg word.

A. LEERLING BESONDERHEDE

VAN		VORIGE SKOOL	
VOORNAME		HUIDIGE GRAAD	
NOEMNAAM		HANDIGHEID	REGS / LINKS
GESLAG		BUSROETE	
ID NOMMER		MEDIESEFONDS NAAM	
HUISTAAL		MEDIESE FONDS NR.	
ETNIESE GROEP		SPORT- EN KULTUUR DEELNAME	
LEERLING SEL NR.		KOSHUISLEERLING	JA / NEE

Leerder woon by	Eie vader en eie moeder	Moeder (Status) Bv: Geskei / Weduwee	Vader(Status) Bv: Geskei / Wewenaar	Moeder en stiefvader	Vader en stiefmoeder	Ouma of Oupa	Ander familielid (Spesifiseer)

Datum: _____ Parafeer: Vader_____ Moeder _____

B. LEERHINDERNIS KATEGORIE [Mediese sertifikaat moet aangeheg word]

Maak 'n X in die blokkie indien enige van die volgende op u kind van toepassing is:

Aandaggebreksindroom	
Outistiesespektrumgebrek	
Gedragversteuring	
Blindheid	
Serebrale gestremdheid	
Doofheid	
Epilepsie	
Hardhorend	

Ligte tot matige intellektuele gestremdheid	
Ernstige intellektuele gestremdheid	
Gedeeltelik siende / lae visie	
Fisiese gestremdheid	
Spesifieke leergestremdhede	
Psigiatriese versteuring	
Ander:	

C. FAMILIEBESONDERHEDE

INLIGTING	VADER / VOOG	MOEDER / VOOG
TITEL		
VOORNAME		
VAN		
ID NR.		
ETNIESE GROEP		
VERWANTSKAP		
HUWELIKSTATUS (met biologiese ouer)		
HUWELIKSTATUS (ander)		
BEROEP		
WERKGEWER		
TELEFOON (W)		
TELEFOON (H)		
SELFOON NR.		
FAKS NR.		
E-POSADRES		
POSADRES		
WOONADRES		

D. Broers en/of susters in Hoërskool Pionier (Naam en Graad)

(a) Naam en Van: _____ Graad _____

(b) Naam en Van: _____ Graad _____

Datum: _____ Parafeer: Vader_____ Moeder _____

E. BESONDERHEDE VAN PERSOON AAN WIE DIE REKENING GELEWER MOET WORD

Verwantskap met die leerling: (omkring asseblief) Vader / Moeder / Stiefvader / Stiefmoeder / Oupa / Ouma / Oom / Tannie / Pleegouer / Ander (Spesifiseer asb.)		
TITEL, VOORLETTERS EN VAN		
VOLLE VOORNAME		
WOONADRES		
POSADRES		
BEROEP		
NAAM VAN WERKGEWER		
WERKGEWER SE STRAATADRES		
WERKGEWER SE POSADRES		
TELEFOON	WERK:	HUIS:
	SELFOON:	FAKS:
E-POSADRES:		ID NOMMER:

F. KOMMUNIKASIEBESONDERHEDE (na wie word dokumente en sms/e-pos gestuur):

VERWANTSKAP MET LEERLING	
TITEL, VOORLETTERS EN VAN	
VOLLE VOORNAME	
SELFOON	
E-POS	
POSADRES	

G. FAMILIELID OF KENNIS WAT GEKONTAK KAN WORD IN 'N NOODGEVAL

Verwantskap met die leerder: (omkring asseblief) Broer / Suster / Oupa / Ouma / Oom / Tannie / Buurman / Buurvrou / Vriende Ander (spesifiseer): _____		
TITEL, VOORLETTERS EN VAN		
WOONADRES		
TELEFOON (W):	TELEFOON (H):	SELFOON:

Datum: _____ Parafeer: Vader_____ Moeder _____

ONDERRIGGELD: SKOOL

Volgens die SA Skolewet is beide ouers van 'n leerder in 'n betrokke skool wetlik verplig om die voorgeskrewe skoolgeld te betaal. Skoolgeld word jaarliks deur die verkose Beheerliggaam vasgestel, nadat 'n begroting opgestel vir die volgende jaar is. Hierdie gelde sluit die fooie vir handleidings, kopieerwerk en benodigdhede in.

Let asb. daarop dat sommige ouers moontlik op grond van die jaarlikse **bruto** inkomste van beide ouers, mag kwalifiseer vir gedeeltelike of volle vrystelling van betaling van skoolgeld. Volledige besonderhede i.v.m. die kriteria, die aansoekprosedure asook die glyskaal waarvolgens dit bereken word, kan by die finansiële kantoor verkry word en aansoeke om vrystelling moet jaarliks **voor 31 Januarie 2023** by die finansiële kantoor ingehandig word. U bly verantwoordelik vir die betaling van alle goedgekeurde skoolgeld totdat u aansoek goedgekeur is.

'n Jaarlikse eenmalige bedrag per leerder is betaalbaar op die datum waarop die skool in Januarie open. Die bedrag is deel van die skoolgeld. Alle betalings moet gemaak word aan Hoërskool Pionier.

Tensy u die opsie van maandelikse paaiemente kies, is die volle balans van die jaarlikse voorgeskrewe skoolgeld betaalbaar voor of op die laaste dag van **Januarie**. Indien u die opsie van maandelikse betalings soos hieronder uiteengesit uitoefen, is die skoolgeld betaalbaar in **'n minimum van 10 gelyke paaiemente**, welke maandeliks vanaf Januarie betaal moet word.

Alhoewel 'n redelike tydperk toegelaat word vir die betaling van skoolgeld, sal die **volle bedrag** opeisbaar en betaalbaar word indien die ouer agter raak met die paaiemente. Dit beteken dat die **volle bedrag wat vir die jaar** uitstaande is, plus rente, aan die skool se regsverteenwoordigers vir invordering oorhandig sal word.

Daar sal/kan nie teen 'n leerling gediskrimineer word op grond van wanbetaling van skoolgeld deur die ouer nie, maar ouers moet asseblief van die volgende kennis neem:

Indien agterstallige skoolgeld aan die skool se regsverteenwoordiger vir invordering oorhandig word, stem ek toe tot die volgende:

Ek aanvaar aanspreeklikheid vir betaling van alle regskoste deur die skool aangegaan soos op die skaal van prokureur en kliënt asook die betaling van invorderingskommissie soos gehef deur die skool se regsverteenwoordiger. Ek stem ook hiermee toe dat indien dit gebeur, 'n bedrag gelykstaande aan die maandelikse paaiement, maandeliks van my salaris of loon wat ek by my werkgewer ontvang, verhaal mag word.

Dit word uitdruklik ooreengekom dat die skool geregtig sal wees om enige betaling wat gemaak word, aan te wend vir sodanige debiete of uitstaande gelde as wat die skool in hulle uitsluitlike diskresie mag bepaal.

(a) _____ _____ (b) _____ _____

Handtekening van Vader Datum Handtekening van Moeder Datum

Gaan u aansoek doen om 'n korting op die onderriggeld? Ja / Nee

NB: Indien JA neem kennis dat sodanige aansoek teen 31 Januarie 2023 by die skool ingehandig moet word.

Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI)

Toestemming om persoonlike inligting te gebruik[1]

- Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig u, _____ (ouer naam en van), hiermee **Hoërskool Pionier** vrywillig om u persoonlike inligting sowel as dié van die leerder _____ (naam & van) te verwerk, (met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat u aan die skool verstrek).
- Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.
- Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom is.
- Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met ’n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.
- Daarbenewens neem u hiermee kennis dat Hoërskool Pionier persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en –beleide voorskryf.
- Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word, en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.
- Ingevolge artikel 11 van POPI kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:
  - Indien die datasubjek, of ’n bevoegde persoon ingeval die datasubjek ’n kind is, tot verwerking toestem.
  - Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handelinge met die oog op die sluiting of nakoming van ‘n kontrak waarin die datasubjek ’n party is.
  - Indien verwerking voldoen aan ’n plig wat die skool volgens wet opgelê word.
  - Indien verwerking ’n regmatige belang van die datasubjek beskerm.
  - Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van ’n openbare regsplig.
  - Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree.

U regte ingevolge hierdie toestemming

U het die volgende regte:

- *Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word en wanneer die skool dit sal bekend maak*. Ál voormelde inligting word vervat in ons Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en ons Privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is en by ons kantore of op ons webtuiste bekom kan word.
- *Die reg om u besonderhede reg te stel*. Die skool sal u inligting bygewerk probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asseblief in kennis sodat ons rekords so akkuraat moontlik kan wees.
- *Die reg om u toestemming terug te trek*. U mag die toestemming wat u ons ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampte van die skool gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.

Toestemming om bemarkingsinligting te ontvang

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir bemarkingsdoeleindes verwerk word en verstaan u dat deur toestemming te gee, u bemarkingsmateriaal in die vorm van SMS’e, e-posse en dies meer van die skool kan ontvang.

Merk asseblief u antwoord hieronder:

Ek stem in ☐ Ek stem nie in nie ☐

_____ _____

Handtekening van ouer/voog Datum

VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/ -BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S

Ek, (skryf asseblief volle name netjies in blokletters) _____.
verleen hiermee toestemming aan **Hoërskool Pionier** om foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook en Twitter);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word, en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie, tot koerante, tydskrifte, jaarblad, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek sal die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn by die naam genoem mag word, geen persoonlike identifiseerbare inligting van die kind(ers), buiten vir die naam/name van die kind(ers), saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte-, elektroniese- en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

Naam/name van leerder(s): _____

_____

Naam van ouer/voog: _____

- Verleen toestemming ☐
- Verleen NIE toestemming NIE ☐

Adres: _____

Stad: _____ **Poskode**: _____

Telefoonnommer: _____

Handtekening van ouer/voog*: _____

Datum: _____

*Leerders van 18 jaar of ouer mag hierdie vrywaringsvorm self onderteken.

VERKLARINGSOOREENKOMS VIR SKOOL (Alle leerlinge)

WYSE VAN BETALING [Kies een van die volgende drie opsies. Voltooi slegs daardie opsie se besonderhede en teken in die ruimte wat daarvoor gelaat is.]

- Ek verkies om my rekening per e-pos te ontvang. Ja / Nee E-posadres: _____

(a) ☐ OPSIE 1: EENMALIGE VEREFFENING

Ek onderneem om die totale skoolgeld voor 31 Januarie 2023 te vereffen.

Handtekening: Vader - _____

Handtekening: Moeder - _____

(b) ☐ OPSIE 2: MAANDELIKSE BETALING

Ek sal graag van die geleentheid gebruik wil maak om die uitstaande skoolgelde in 10 gelyke paaiemente vanaf Januarie 2023 tot Oktober 2023 te betaal

Handtekening: Vader - _____

Handtekening: Moeder - _____

(c) ☐ OPSIE 3: VOORTSETTING VAN HUIDIGE DEBIETORDER

Ek het reeds van 'n debietorder gebruik gemaak om my rekening met Hoërskool Pionier te vereffen en sal dit graag wil voortsit in ooreenstemming met bogemelde opsie 1 en 2.

Handtekening: Vader - _____

Handtekening: Moeder - _____

1. Ek verklaar dat ek bewus is dat 'n eksemplaar van Hoërskool Pionier se grondwet by die skool gedurende skoolure ter insae is.
2. Ek onderneem om my aan die bepalings van die skool se grondwet en dissiplinêre stelsel te onderwerp.
3. Indien 'n leerling nie mediese dekking het nie moet mediese versekering by Hoërskool Pionier uitgeneem word.
4. Ek onderneem en verstaan dat toergelde betaalbaar is en nie deel van my kind se skoolfonds is nie. Toergelde is ten volle betaalbaar VOOR 'n leerder op die toer vertrek.
5. Ek verklaar dat die inligting wat in hierdie aansoek verstrek is in alle opsigte waar en korrek is en dat hierdie dokument die grondslag van die aanvaarding van bogenoemde kind as leerder van Hoërskool Pionier sal vorm.
6. Ek verklaar dat ek bewus is dat Hoërskool Pionier se taalbeleid Afrikaans is en dat onderrig in Afrikaans geskied.

VRYWARING

1. Ek gee hiermee toestemming dat genoemde kind aan buitemuurse bedrywighede, soos sport en kultuur, mag deelneem asook uitstappies en toere mag meemaak.
2. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir sy/haar veiligheid en dat ek self verantwoordelik sal wees vir die betaling van mediese- en hospitaalrekeninge (indien van toepassing) in die geval van beserings wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike persoon toegeskryf kan word nie. Ek is bewus dat daar mediese versekering en by Hoërskool Pionier beskikbaar is en uitgeneem kan word.
3. Ek dra my magte as ouer oor aan die hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese behandeling of chirurgiese ingreep vir my kind nodig mag wees.
4. Sover ek bewus is, is hy/sy fisies in staat om aan gemelde aktiwiteite deel te neem.
5. Ek versoek die verantwoordelike persone egter om op die volgende te let: (bv. abnormale bloeding, allergieë, epileptiese aanvalle, ens.) _____

Hiermee aanvaar ek, die ondergetekende, die voorwaardes soos hierin uiteengesit.

Geteken te _____ op die _____ dag van _____ (maand) _____ (jaar)

_____ _____

VOORLETTERS EN VAN VAN VADER IN DRUKSKRIF HANDTEKENING

_____ _____

VOORLETTERS EN VAN VAN MOEDER IN DRUKSKRIF HANDTEKENING

VERKLARINGSOOREENKOMS VIR KOSHUIS – (Slegs Koshuisleerlinge)

WYSE VAN BETALING [Kies een van die volgende drie opsies. Voltooi slegs daardie opsie se besonderhede en teken in die ruimte wat daarvoor gelaat is.]

- Ek verkies om my rekening per e-pos te ontvang. Ja / Nee E-posadres: _____

(a) ☐ OPSIE 1: EENMALIGE VEREFFENING

Ek onderneem om die totale koshuisgeld voor 31 Januarie 2023 te vereffen.

Handtekening: Vader - _____

Handtekening: Moeder - _____

(b) ☐ OPSIE 2: MAANDELIKSE BETALING

Ek sal graag van die geleentheid gebruik wil maak om die uitstaande koshuisgelde vooruit in 10 gelyke paaiemente vanaf Januarie 2023 tot Oktober 2023 te betaal.

Handtekening: Vader - _____

Handtekening: Moeder - _____

(c) ☐ OPSIE 3: VOORTSETTING VAN HUIDIGE DEBIETORDER

Ek het reeds van 'n debietorder gebruik gemaak om my rekening met Hoërskool Pionier Koshuis te vereffen en sal dit graag in ooreenstemming met bogemelde opsie 1 en 2 wil voortsit.

Handtekening: Vader - _____

Handtekening: Moeder - _____

BELANGRIK – KOSHUIS

1. Leerlinge wat 20 km en verder buite Vryheid- dorp bly se aansoek tot koshuistoelating sal voorkeur geniet.
2. Hierdie vorm MOET deur die ouer of wettige voog ingevul word.
3. Kragtens regulasies is losiesgelde **vooruitbetaalbaar** en moet op die eerste skooldag van elke kwartaal betaal word.
4. Die Beheerliggaam is gemagtig om die hertoelating van enige kind by ’n aanvang van ’n kwartaal te weier, indien daar uitstaande gelde is.
5. ’n Afsonderlike vorm moet ten opsigte van elke kind voltooi word.
6. Ouers moet minstens **een maand** skriftelike kennis gee indien hulle ’n kind uit die koshuis wil neem. Indien dit nie gebeur nie, sal die ouers verantwoordelik gehou word vir die koshuisgelde vir daardie maand.
7. Ek sertifiseer hiermee dat die inligting wat in hierdie vorm verstrek is, na my beste wete juis is.
8. Ek onderneem om die hoof van die skool en die Koshuis superintendent onmiddellik in kennis te stel indien my adres verander of indien daar enige ander verandering in my omstandighede is, wat die juistheid van die inligting wat verstrek is, raak.
9. Ek neem kennis van die gedragskode vir die koshuis en verstaan dat my kind aan die koshuisstrafstelsel onderhewig is.
10. Ek aanvaar volle en alleen verantwoordelikheid vir die betaling van die voorgeskrewe gelde. Kragtens regulasies is losiesgelde vooruitbetaalbaar en moet op die eerste skooldag van elke kwartaal betaal word.
11. Alle invorderingskoste, insluitende prokureur- en eie kliëntkoste, sal betaalbaar en opeisbaar wees indien die koshuis sou voortgaan met invorderingstappe.
12. Ek is duidelik bewus dat koshuisgelde vooruitbetaalbaar is.
    - Indien hierdie verklaring deur ’n getroude dame voltooi word, dui asseblief aan of u binne gemeenskap van goedere getroud is, al dan nie.

JA		NEE	

13. Hiermee aanvaar ek, die ondergetekende, verantwoordelikheid vir enige mediese onkoste wat deur personeel van Hoërskool Pionier, of deur enige mediese praktyk vir die fisieke welsyn van bogenoemde leerling aangegaan is.
14. Geen korting kan op koshuisgelde toegestaan word nie.

Geteken te _____ op die _____ dag van _____ (maand) _____ (jaar)

_____ _____

VOORLETTERS EN VAN VAN VADER IN DRUKSKRIF HANDTEKENING

_____ _____

VOORLETTERS EN VAN VAN MOEDER IN DRUKSKRIF HANDTEKENING